higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

(3050555)

25 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

051Q1J2125

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik ongeveer 35 minute vir elke vraag en vyf minute om te lees.
6. Die puntetoekenning dien as riglyn vir die lengte van die antwoorde.
7. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
8. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1: ANALISE

1.1 Bestudeer ILLUSTRASIE A en beantwoord die vrae.



Mustafa Maluka, 2006, *Don't stand me down*, olie en akriel op doek

ILLUSTRASIE A

1.1.1 Wat dink jy probeer die kunstenaar in hierdie kunswerk uitbeeld? (2)

1.1.2 Watter elemente dra by tot jou interpretasie? (4)

1.1.3 Bespreek die gebruik van vorm. (2)

1.1.4 Hoe hou die titel verband met die boodskap? (2)

1.2 Bestudeer ILLUSTRASIE B en beantwoord die vrae.



Emile Nolde, 1910, *Dans om die goue kalf*, olie op doek

ILLUSTRASIE B

1.2.1 Identifiseer die fokuspunt en staaf jou antwoord. (3)

1.2.2 Wat is die stemming van die skildery? (3)

1.2.3 Hoe dra kleur en lyn by tot die stemming? (4)

1.3 Bestudeer ILLUSTRASIE C en beantwoord die vrae.



Ernst Ludwig Kirchner, 1913, *Vyf vroue in die straat*, olie op doek

ILLUSTRASIE C

1.3.1 Bespreek die kunstenaar se tegniek, insluitend die gebruik van lyn en kleur. (5)

1.3.2 Is hierdie kunswerk naturalisties, stilisties, abstrak of realisties? (1)

1.3.3 Watter rol speel ruimte? (2)

1.3.4 Dink jy die kunstenaar wou 'n stelling maak met die onderwerp ('subject matter')? (2)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bestudeer ILLUSTRASIE D en ILLUSTRASIE E en beantwoord die vrae.

	
Pawel Kuczynski, 2015, *#reading*, illustrasie	Pawel Kuczynski, 2015, *#confession*, illustrasie

ILLUSTRASIE D **ILLUSTRASIE E**

1.4.1 Wat dink jy is die boodskap in ILLUSTRASIE D? (2)

1.4.2 Stem jy saam met die kunstenaar se mening? Hoekom? (3)

1.4.3 Wat dink jy is die boodskap in ILLUSTRASIE E? (2)

1.4.4 Sou hierdie sosiale kommentare meer effektief gewees het as daar geskrewe verduidelikings (teks) bygevoeg is? Staaf jou antwoord. (3)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

Beantwoord VRAAG 2.1 **OF** VRAAG 2.2.

2.1 PREHISTORIESE KUNS

2.1.1 Watter soort gereedskap is gebruik om skilderye en graveerwerk te skep? (5)

2.1.2 Watter DRIE metodes is gebruik om op rots te graveer? Verduidelik elke metode. (3 × 2) (6)

2.1.3 Noem VIER diere in prehistoriese kunswerke. (4)

2.1.4 Noem VYF tonele wat algemeen in skilderye en graveerwerk uitgebeeld is. (5)

2.1.5 Prehistoriese mense se kuns was verweef met hul alledaagse lewe.

Bespreek hierdie stelling en gee TWEE voorbeelde. (2 × 10) (20)
[40]

OF

2.2 VROEë TRADISIONEEL SUID-AFRIKAANSE KUNS

Kunstenaars soos Irma Stern, Gerard Bhengu en Thomas Baines het Suid-Afrikaanse tonele geskilder en terselfdertyd invloede uit Europa en Afrika getoon het.

Kies EEN van hierdie kunstenaars (of enige ander van jou keuse) en skryf 'n opstel waarin jy TWEE van sy/haar kunswerke ontleed. Sluit die volgende in jou opstel in:

- Invloede
- Kenmerke ('characteristics')
- Temas (2 × 20) (40)

[40]

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

Die kenmerke/eienskappe van Hindoe- en Islamitiese kuns verskil baie.

Bespreek 'n voorbeeld van elk om die stelling te staaf. (2 × 20) **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Verduidelik hoe die menslike figuur voorgestel is in die skilderye/muurskilderye van Antieke Egipte. (5)

4.2 Wat was die *Boek van die Dooies*? Hoekom is dit belangrik? (5)

4.3 Beskryf kortliks die kenmerkende eienskappe van die voorkoms van die volgende Egiptiese gode:

4.3.1 Anubis

4.3.2 Thoth

4.3.3 Ammut

4.3.4 Horus

4.3.5 Osiris

(5 × 1) (5)

4.4 Die piramides het 'n belangrike rol in die hiernamaals/lewe na die dood van die farao's gespeel. Hulle het dus baie tyd en middele bestee aan die bou van hulle piramides.

4.4.1 Noem die DRIE piramides van Giza. (3)

4.4.2 Wat was die doel van die piramides van Giza? (2)

4.4.3 Bespreek die konstruksietegnieke en uitleg van die piramides van Giza. Jy kan 'n diagram/deursnee insluit om die antwoord te illustreer. (10)

4.5 Bespreek EEN beeldhouwerk uit die antieke Egipte breedvoerig. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Bespreek die eienskappe van die antieke Griekse argitektuur deur na EEN gebou in die Akropolis te verwys. (15)

5.2 Watter maatskaplike/sosiale faktore het die antieke Grieke se kunswerke beïnvloed? (5)

5.3 Analiseer enige TWEE van die volgende beeldhouwerke:

- Zeus of Poseidon
- Nike van Paionios
- Diskusgooier ('Discobolus')
- Enige ander beeldhouwerk van jou keuse

Sluit die materiaal en tegnieke wat gebruik is in jou antwoord in. (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEë CHRISTELIKE KUNS

6.1 Verduidelik die sosiale funksies wat by die Colosseum plaasgevind het en gee redes waarom dit gehou is. (10)

6.2 Watter nuwe tegnieke en materiale het die antieke Romeine gebruik om hul geboue te bou? (10)

6.3 Bespreek enige amfiteater wat u bestudeer het. U kan 'n diagram of diagramme insluit. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMEINS EN GOTIES)

7.1 Wat was die doel met die verligting van manuskripte? Gee 'n spesifieke voorbeeld. (5)

7.2 Bespreek 'n Middeleeuse, Romaanse of Gotiese katedraal wat jy bestudeer het breedvoerig. Sluit die volgende inligting in:

- Materiale
- Versierings van die katedraal
- Styl en tegniek

Jy kan 'n skets/diagram insluit. (35)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCE KUNS

8.1 Maatskaplike/Sosiale, godsdienstige, politieke en ekonomiese faktore het gelei tot 'n verandering in die manier waarop mense kuns beskou.

Bespreek dié faktore met spesifieke verwysing na die invloed daarvan op die destydse kuns. (5 × 2) (10)

8.2 Die term 'Renaissance' beteken *hergeboorte* en verwys na die herlewing van die antieke Griekse en Romeinse idees.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na die kunswerke van enige TWEE kunstenaars uit die Hoogrenaissance. (20)

8.3 Maniërisme ('Mannerism')was 'n reaksie op die Renaissance-tydperk.

Bespreek EEN skildery uit hierdie tydperk en sluit die volgende in:

- Die kunstenaar se naam
- Die skildery se naam
- Die eienskappe/kenmerke van Maniërisme (10)

[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROK-KUNS

9.1 Watter invloed het die Katolieke Kerk op Barok-kuns gehad? (5)

9.2 Analiseer EEN godsdienstige kunswerk wat in opdrag van die kerk gemaak is. Sluit die volgende in:

- Die kunstenaar se naam
- Die kunswerk se naam
- 'n Analise van die styl en tegniek
- Die betekenis van die werk (15)

9.3 Analiseer EEN sekulêre kunswerk wat nie in opdrag van die kerk gemaak is nie. Sluit die volgende in:

- Die kunstenaar se naam
- Die kunswerk se naam
- 'n Analise van die styl en tegniek
- Die betekenis van die werk (15)

9.4 Hoe het Barok-kunstenaars 'n dramatiese effek met verwysing na die volgende in hul kunswerke geskep:

9.4.1 Betekenis (2)

9.4.2 Lig en donker (3)

[40]

Kopiereg voorbehou

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIEK, NEOKLASSISISME EN REALISME

10.1 Romantiese kunstenaars se lewensbeskouing het drasties verskil van dié van Neoklassieke kunstenaars.

Verduidelik hierdie stelling en sluit die volgende in:

- Historiese faktore
- Temas
- Analise van kunswerke uit elke beweging
- Styl en tegniek
- Eienskappe/Kenmerke
- Doel/Betekenis van die kunswerk (30)

10.2 Wat was Realistiese kunstenaars se sienswyse van die Romantiese en Neoklassieke ideologieë? (3)

10.3 Bespreek EEN Realistiese kunswerk wat die tipiese houding van Realistiese kunstenaars weerspieël. (7)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou